

Sondag 35. Die Tweede Gebod. Die oë van die geloof laat jou die Here sien

Dag 1:

1. Fokus op mekaar:

- *Elkeen kry die geleentheid om te sê hoe sy of haar dag was, wat vreugdes of teleurstellings was, waar hy of sy hulp nodig het.*
- *Is daar iemand wat van 'n spesiale (of gewone) ontmoeting met die Here kan vertel? B.v. iets besonders raakgesien of ervaar.*

2. Fokus op die Here

2.1. Ons met die Here:

a. Sing saam tot eer van die Here.

Psalm 47 som die enigste aanvaarbare houding vir aanbidding op: Hartelike lofsang tesame met nederige eerbied. Ons loof nie die Here vanuit 'n abstrakte sin van blydschap nie, maar in reaksie op sy majesteit en magtige dade.

*Juig, o volke, juig! / Handklap en betuig
Voor die HEER jul vreug! / Wees in God verheug!
Sing Hom lof en prys / op verhewe wys,
Want bo al wat leef / en voor Hom moet beef,
Sal sy septer wink / en sy glorie blink –
Allerhoogste in eer, / groot is God die HEER!*

b. Gebedsvoorstelle:

- * Loof die Here vir sy daaglikse sorg.
- * Dank die Here vir sy genade in Christus.
- * Bid dat die Here jou hart sal vol maak met die bewustheid van Christus se liefde.
- * Dank die Here dat Hy duidelik in sy Woord ons leer hoe ons behoort te leef.
- * Bid die Here dat sy Gees jou op die regte pad sal lei.

2.2. Die Here met ons:

Lees Eksodus 20:4-6 en dan die verklaring van die tweede gebod vanuit H.K. Sondag 35 hardop deur.

Vra: Waaroor gaan dit hier, wat is die hoofpunt wat Sondag 35 ons wil leer?

v.96. *Gaan oor die manier wat gelowiges God aanbid.*

v.97. *Ons mag God nie deur afbeeldings vereer of dien nie*

v.98. *Die mens weet nie beter as God wanneer dit gaan oor hoe ons Hom moet aanbid nie.*

Belangrike woorde:

- * **Afbeeld:** om iets van God se wese, sy Persoon of eienskappe uit te beeld.
 1. God is gees en kan daarom nie uitgebeeld word nie.
 2. Terselfdetyd verbied God dit want die beeld sal aan sy eer tekort doen en na afgodsdien lei.
- * **Vereer:** Die manier wat gelowiges God dien. Dink b.v. aan die elemente van 'n erediens: sang, woorddiens, nadenke, dankbaarheid, ens...
Joh. 4:23: God is Gees, en dié wat Hom aanbid moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid.
Dit beteken dat ons ons harte en gedagtes tot God wat ons nie kan sien nie, rig
- * **Op geen ander manier** Ons aanbidding moet in alle aspekte met die Woord ooreenstem en deur die *as wat Hy in sy Woord* Woord gereguleer word.
beveel het:

- * *Skepsels mag afgebeeld word*: Kunstwerk wat enige deel van die skepping op 'n ware manier manier (dink aan die negende gebod) uitbeeld is in lyn met Gods Woord.
- * *Leek*: 'n Rooms Katolieke term wat op iemand dui wat nie in die amp gevestig is nie. Dit word ook baie gebruik van iemand wat onkundig is. Dit is onmoontlik vir 'n ware gelowige om 'n leek te wees, want 'n gelowige, per definisie, ken en vertrou vir God
- * *“Boeke van die leke”* Die Rooms Katolieke kerk oortree moedswillig die tweede gebod deur bo en behalwe die Woord, beelde, sierglasvensters, ens. te gebruik van die Here te leer. By hulle het dit ook tot afgodery gelei omdat hulle nou ook daardie beelde eer en dien.
- * *Lewende verkondiging*: Ware prediking is nie dood nie, maar deur die Heilige Gees het dit die krag om mens te verander, te oortuig, om die geloof te werk en die mens op te bou.
- sy Woord*: Prediking moet op die Woord gebasseer wees en is 'n verklaring en toepassing daarvan.

Leidende vrae:

1. Die eerste Gebod sê vir ons Wie ons aanbid, die tweede gebod gaan oor hoe ons dit doen.
2. Ons moet altyd onthou dat die Here deur sy Gees by ons is, en dat Christus in die harte van die gelowiges woon (Ef. 3:17). Sy Naam is immers Immanuel, dit beteken God met ons. Iemand wat reeds naby die Here is, het daarom geen beeld of afbeelding nodig om hom van die Here te vertel nie, God se Woord leer hom alles wat hy nodig het. In teendeel die gevaar bestaan dat hy so 'n beeld kan begin verafgod.
Dis baie soos verliefdes nie foto's van mekaar nodig het as hulle bymekaar is nie – die ander een se teenwoordigheid is genoeg, en 'n foto is nooit die werklikheid nie
3. Toe Moses besig was om die Tweede gebod te ontvang, was die volk besig om om die goue kalf te dans! Moses het na hul mening, te lank gevat, en God het te ver gevoel, daarom het hul God in die vorm van 'n kalf uitgebeeld.
Israel het geweet dat die kalf nie goddelik was nie, hulle het nog in hul gedagtes geweet dat die Here God is, maar hulle het gedink dat hulle God beter kon dien deur voor die beeld te buig.
4. So 'n tipe afgodsdien het voordurend in Israel opgeduik: God het die koperslang gebruik om siekte onder sy volk te genees, maar later het mense die simbool eerder as God aanbid. Koning Hiskia het later beveel dat die slang verwoes moet word (2 Kon 18:4).
Ander kere het die volk die ark aanbid (1 Sam 4:3), die tempel (Jer. 7:4) die wet (Matt. 23:23, 24) en selfs hul voorvader, Abraham (Matt. 3:9).
Elkeen van hierdie dinge is eintlik op sig self goed, maar hoe die volk daarvoor gedink het, het dit sleg gemaak. Is dit moontlik om vandag so te dink oor die kerk, die kruis, die bybel, die belydenisskrifte en die sakramente?
5. Dikwels wanneer mense beelde begin gebruik om God te aanbid, word daardie beeld dit wat hulle aanbid (e.g. iemand wat altyd 'n kruis vashou wanneer hy bid, voel hy kan nie bid as hy nie daardie kruis vashou nie).
6. Bespreek: Wanneer word die middel waardeur ek God leer ken en dien, iets wat my eintlik van die Here af weg hou?

3. Fokus op die uitleef van jou geloof

Hoe kan jy God, sonder die gebruik van beelde, vereer en dien?

Sondag 35. Die Tweede Gebod: Die oë van die geloof laat ons die Here sien

Dag 2:

1. Fokus op mekaar:

- *Elkeen kry geleentheid om te sê hoe sy of haar dag was.*
- *Hoe het jy die laaste tyd God geëer en gedien sonder om beelde te gebruik?*
- *Op watter manier het jy dit gedoen?*

2. Fokus op die Here

2.1. Ons met die Here:

a. Sing saam tot eer van die Here.

Psalm 16:1, 2 sing van hoe die gelowige sy vertroue in God eerder as in afgode vind:

*Bewaar my tog, o God, op wie'k vertrou!
Ek skuil by U, my toevlug in die lewe.
Daar is vir my, in wat die oog aanskou,
Geen goed bo U, so eindloos hoog verhewe.
En wie op aarde U ken en vrees, o Here,
Hul noem ek groot, hul is my roem en ere.*

Gebedsvoorstelle:

- * Bid dat julle altyd die Here beter sal leer ken deur sy woord en die sakramente waardeur julle sy goedheid en liefde kan raaksien.
- * Bid dat julle so naby die Here sal voel as 'n kind wat deur sy ouer omhels word.

2.2. Die Here met ons:

Lees Eksodus 20: 4-6

Vandag verklaar ons stuk-vir-stuk die tweede gebod:

Wat verbied word:

1. Daar is drie aktiwiteite wat hier verbied word rakende die gebruik van beelde vir godsdienstige oefening. Wat is hulle? (v.4, 5)
maak, vereer en dien
 - Mag mens beelde maak vir ander aktiwiteite (e.g. kuns, skyfskiet, opvoedkunde, kleres maak)?
 - Wanneer raak sulke beelde sondig?
 - Bespreek: Kan 'n mens 'n onderskeid tref tussen 'n opvoedkundige beeld van God, e.g soos in 'n kinderbybel, of die soos in die "breë en smal weg" plakaat, of 'n film wat iets van Jesus uitbeeld om mense iets van God te leer, met beelde wat gebruik word om God te aabid?
 - Hoe kan jy vir iemand herinner dat die beeld nie die werklikheid is nie?

Hoekom dit verbied word:

1. "Ek is die Here jou God"

God is Gees en daarom kan hy nie deur fisiese dinge nagemaak word nie.

Die Here wil eerder hê dat ons ons siele tot Hom moet hef, as wat ons aards van Hom moet dink.

Daar staan in Kolossense 1:15 – "Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie." Dit beteken dat wanneer ons die lewe van Jesus Christus bestudeer, ons in sy lewe al die eienskappe van God kan sien. 'n Beeld kan nie God se liefde, regverdigheid, heiligheid, almag, gesag, deernis uitstraal nie, maar Jesus as ware God en ware mens het wel. Wanneer ons Jesus deur die oë van die geloof beskou, sien ons die volheid van God raak.

2. "Ek eis onverdeelde trou aan My"

God is 'n jaloerse God, dit beteken dat Hy wil hê dat ons heeltemal aan Hom getrou moet wees, soos eggenote aan mekaar getrou is.

Nes 'n man met reg woedend raak as sy vrou hom verneuk, en andersom, so raak God kwaad as ons nie trou aan Hom bewys nie.

Maar nes 'n man vreugde in sy vrou vind wanneer sy aan hom getrou is, so vind God vreugde in ons wanneer ons aan Hom getrou is.

Het God, jou Verlosser, die reg om van jou te eis hoe jy behoort te lewe?

3. *"Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en die vierde geslag van dié wat my haat"*

God beloof om nie net die oortreder te straf nie, maar ook sy kinders – wat een van die ergste strawwe is wat 'n ouer kan ondergaan – selfs tot in die derde en die vierde geslag.

Vir voorbeelde hiervan sien Gen. 7:21, 1 Sam. 2:31, 1 Kon. 14:14.

Dink jy ooit daarvoor dat jou sonde die mense vir wie jy die liefste het kan seermaak – en dat hulle selfs vanweë jou sonde saam met jou gestraf kan word?

Het jy hulle lief genoeg om met jou sonde op te hou?

In die gewone lewenspraktyk sien ons die waarheid van hierdie gebod wanneer kinders spesifieke sondes by hul ouers aanleer en dit self aanhou doen, en omdat hulle nie daarvan bekeer nie, kom hulle nes hul ouers onder die oordeel van die Here.

e.g. ouers wat drank misbruik se kinders leer om dieselfde te doen, en albei dra die gevolge van hul dade.

Kan jy aan ander voorbeelde dink? Soos hoe gesinne met geld werk, taalgebruik, erediensbywoning...

Maar, staan daar nie in Esegïël 18:20 –

"Die mens wat sondig sal sterwe. 'n Seun sal nie die straf vir sy pa se sonde dra nie, en 'n pa sal nie die straf op sy seun se sonde dra nie. Wie leef volgens my wil, sal die vrugte daarvan pluk. Wie goddeloos is sal die straf daarvoor dra."

- Selfs al sou 'n kind vir die sonde van sy pa gestraf word, word hy *nie daarvoor aanspreeklik gehou* asof hy self die sonde van sy pa gedoen het nie.
b.v. 'n Kind kan saam met sy dronk pa in 'n motorongeluk sterf (as nagevolg van die sonde), maar dit is sy pa wat voor die Here daarvoor aanspreeklik gehou word.
 - Kinders is ook sondig en verdien die oordeel.
Tog is God dikwels baie lankmoedig, Hy gee gewoonlik lang geleentheid vir bekering. Tog as ouers se sondes so erg word (as dit 'n hele familie of samelewing en kultuur deursuur), kan dit 'n situasie skep waar kinders saam met hul ouers gestraf word. Die Ballingskap is 'n voorbeeld hiervan. God het geslagte lank, dws vir honderde jare vir Israel tot bekering geroep, maar die volk het nie bekeer nie, toe was almal uiteindelik met oorlog en ballingskap gestref.
4. *"Ek betoon my liefde aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam."*
Sedert die sondeval kan niemand God volmaak liefhê en al sy gebooie onderhou nie. En daarom kan niemand deur die werke van die wet gered word nie.
Maar ons moet onthou: die wet is nie aan ons gegee as die weg van saligheid nie, maar as die weg van dankbaarheid.

Daarom verskaf dit God vreugde wanneer ons vanuit liefde vir Hom in opregtheid streef om sy wet te onderhou en beloon hy ons pogings – nie dat ons uit ons pogings iets verdien nie, maar alleen uit sy liefde en genade.

Dit is soos wanneer 'n kind uit liefde streef om sy ouers te gehoorsaam en dit sy ouers groot vreugde verskaf en hulle gevolglik die kind prys en beloon.

Is dit vir jou 'n vreugde om die Here na te volg? Voel jy iets van sy guns en tevredenheid wanneer jy dit doen?

Sondag 35. Die Tweede Gebod: Doe oë van die geloof laat ons die Here sien

Dag 2:

1. Fokus op mekaar:

- *Elkeen kry geleentheid om te sê hoe sy of haar dag was.*
- *Is daar iemand wat van 'n spesiale (of gewone) ontmoeting met die Here kan vertel?*

2. Fokus op die Here

2.1. Ons met die Here:

b. Sing saam tot eer van die Here.

Sb 12-3:1-2 sing van hoe God enig en onsenbaar is:

*Enigste Here, enkele Wese
Ons glo in U met ons hele hart.
Herlik bely ons, vryuit getuig ons:
U is vir ewig God en Heer.*

*U, onbegryplik, U is onsenlik,
Altyd dieselfde oneindig groot.
U is almagtig, wys en regverdig –
U is die bron van alle goed*

Gebedsvoorstelle:

* Bid dat julle God met jul hele hart, siel krag en verstand sal aangryp en liefhê
Loof die Here vir sy almag, wysheid, regverdigheid en goedheid waarmee Hy jou lewe regeer.

* Bid vir vriende en maats wat die Here nog nie so ken nie, dat Hy Homself so aan hulle sal bekend maak.

2.2. Die Here met ons:

Lees Efesiërs 1:15-21

Leidende vrae:

- Wat is Paulus besig om in hierdie verse te doen?
- Twee keer sê Paulus, "Ek bid". Waarvoor bid hy? (lees verse 17-19)
 - Hoekom dink jy het jy wysheid nodig om God werklik te ken?
 - Hoekom dink jy moet jou 'geestelike oë' verhelder word om te beseef wat God alles vir ons doen.
- Is hierdie 'wysheid' en 'verhelderde geestelike oë' iets wat jy by 'n stomme beeld kan leer? Waar kan jy dit leer?
- Die tweede gebod sê dat ons God nie op 'n uiterlike manier mag afbeeld nie. Hoe is dit waarvoor Paulus bid anders as die maak van 'n beeld?
- Hoe kan jy daarna soek dat die Here al meer en meer in jou gestalte neem? Lees Filippense 3:10

3. Fokus op die wêreld en die skepping

Om 'n gelowige te wees is om die Here met jou hart, siel, al jou krag en verstand lief te hê omdat Hy jou eerste lief gehad het.

Hoe kan jy jouself daarop rig om hierdie liefde elke oomblik uit te straal?